



forward together · saam vorentoe · masiye phambili

VERSLAG DEUR DIE VISEREKTOR (LEER & ONDERRIG)

aan

die Raad van die Universiteit Stellenbosch

2 Desember 2019



Prof Arnold Schoonwinkel


Inhoudsopgawe

1. INLEIDING	4
2. Visie van die verantwoordelikeheidsentrum Leer & Onderrig	4
3. 'N FLORENDERE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	5
3.1 Huidige studentetal per fakulteit	5
3.2 Onderrig en leer as 'n inkomstebron	6
3.3 Studentesukses	7
3.4 Verwelkoming van studente	7
3.5 Studenteleierskapsontwikkeling	8
3.6 Gehalteversekering	8
4. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING	10
4.1 Studentedemografie	10
4.2 Meertalige programaanbod	12
4.3 Ontwikkeling van tussenkultuurvaardighede	12
4.4 Sorgverskaffing.....	14
4.5 Ko-kurrikulêre ontwikkeling.....	14
4.6 Toegang vir studente en personeellede met gestremdhede	15
4.7 Uitskakeling van diskriminasie en geweld.....	15
4.8 Skakel met die arbeidswêreld	16
4.9 Toegang deur werwingsprosesse.....	16
4.10 Koshuisplasing.....	17
4.11 Finansiële bystand vir studente.....	18
5. DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE	21
5.1 Intern.....	21
5.2 Streek	21
5.3 Internasionaal	22
6. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER	22
6.1 Voortgesette programvernuwing	22
6.2 Nuwe US-programme	23
6.3 Samewerkende portuurgroepleer met mentors en tutors.....	24
6.4 Ontwikkeling van programme vir hibriede leer	25
7. NAVORSING VIR IMPAK	28
7.1 Voortgesette professionalisering van akademië.....	28
7.2 Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie.....	29
7.3 Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO).....	29
8. VOORKEURWERKGEWER	30

8.1	Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)	30
8.2	Kortkursus oor assessering.....	30
8.3	Erkenning van uitnemende onderrig en leer	30
9.	<i>SLOT</i>	<i>31</i>

1. INLEIDING

Hierdie verslag beskryf die hoogtepunte van die werksaamhede in die verantwoordelikhedsentrum Leer en Onderrig (VS L&O) vir 2019. Die VS L&O bedien studente, akademici en ander US-entiteite deur sy drie afdelings en verbandhoudende sentrums, soos wat **Figuur 1** toon. Die VS se permanente personeelkorps het in Oktober 2019 op 215 gestaan – 74% van hulle was vroue, en 52% het uit die Suid-Afrikaanse swart, bruin en Indiër-bevolkingsgroepe kom.



Figuur 1: Organogram vir VS L&O, 2019

2. Visie van die verantwoordelikhedsentrum Leer & Onderrig

Ter ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch se Visie 2040 om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” te wees “wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”, is die visie van die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor (Leer & Onderrig) soos volg:

- Die Universiteit Stellenbosch (US) is alle Suid-Afrikaners se voorkeur- tersiêre instelling vir leer en onderrig, en verwelkom ook internasionale studente.
- Ons onderrigpedagogieë is leergerig en ingestel op die opvoedkundige behoeftes van die moderne student.
- Die US lewer wêreldklasgegradueerdes op wat ’n positiewe verskil in Afrika kan maak.
- Die afdelings van die Viserektor (Leer & Onderrig) ondersteun die US se onderrigfunksies effektief en kostedoeltreffend.
- Ons volg ’n volhoubare en langtermynbenadering wat lewenslange leer by studente en personeel bevorder.

Die volgende afdelings doen verslag oor die belangrikste prestasies van die VS L&O in 2019 en bied ook 'n oorsigtelike blik op doelwitte vir die afsienbare tyd. Dit geskied binne die raamwerk van die US se kern strategiese temas.

3. 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

3.1 Huidige studentetal per fakulteit

Die grootte van die Universiteit se studentekorps bepaal grotendeels die US se inkomste, die mate van studentesteun wat fakulteite en steundienste moet voorsien, sowel as die behoefte aan fisiese infrastruktuur. Die US se vorm het onder meer betrekking op die getalsverhouding tussen voor- en nagraadse studente, die demografiese samestelling van die studentekorps, en studenteverspreiding oor breë dissiplinêre groepe heen.

Tabel 1 dui die grootte en vorm van die huidige US-studentekorps volgens fakulteit en studievlak aan. Grootte en vorm aan die hand van bevolkingsgroep word in **Tabel 4** in die afdeling oor "n Transformerende Studente-ervaring" aangetoon.

Tabel 1: Samestelling van studente volgens fakulteit en studievlak

Fakulteit	Studentegetalle 2019 (Junie-opname)				
	Voorgraads	Nagraads	Geleentheidstudente	Totaal	% van totaal
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	5 243	3 268	270	8 781	27,7%
Lettere en Sosiale Wetenskappe	3 305	1 441	286	5 032	15,9%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	2 565	1 890	324	4 779	15,1%
Ingenieurswese	3 019	912	71	4 002	12,6%
Natuurwetenskappe	2 266	811	97	3 174	10,0%
AgriWetenskappe	1 567	564	42	2 173	6,9%
Opvoedkunde	1 137	634	9	1 780	5,6%
Regsgeleerdheid	473	449	7	929	2,9%
Krygskunde	342	154	2	498	1,6%
Teologie	213	289	31	533	1,7%
Totaal	20 130	10 412	1 139	31 681	100,0%
% verspreiding	63,5%	32,9%	3,6%		

Die studentegetalle in **Tabel 1** kan ook volgens breë dissiplinêre groepe ingedeel word om die vorm van die US se programaanbod uit 'n ander hoek te beskou:

- Die breë gebied van die natuurwetenskappe (Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe): 44,6% van totale inskrywings
- Die breë gebied van die bestuurswetenskappe (Ekonomiese & Bestuurswetenskappe, Krygskunde): 29,3% van totale inskrywings

- Die geesteswetenskappe (Lettere & Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie): 26,1% van totale inskrywings

Hieruit blyk dat die US se vorm na die dissiplinêre groep van die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) oorhel. WIT-programme is gewoonlik duurder om aan te bied, maar beskik gelukkig ook oor die potensiaal om 'n derde geldstroom (d.w.s. inkomste buiten studentegeld en staatsubsidies) te ontgin en in die behoefte aan skaars vaardighede in Suid-Afrika te help voorsien.

Tabel 1 dui ook daarop dat sowat 'n derde van die US se studente nagraads is, wat 'n belangrike wesenstrek is van 'n navorsingsintensiewe universiteit. Die US spog dan ook met die meeste navorsingsuitsette (magistergrade, doktorsgrade en publikasie-eenhede) per voltyds-ekwivalente akademikus in Suid-Afrika. Nagraadse studente is noodsaaklik om die US se navorsingsuitsette te vermenigvuldig, maar verg oor die algemeen meer individuele studieleiding as voorgraadse studente.

3.2 Onderrig en leer as 'n inkomstebron

Uitnemendheid in leer en onderrig gaan hoofsaaklik oor die gehalte en doeltreffende lewering van akademiese programme wat studente as waardevol vir hulle opvoeding en professionele aspirasies ervaar. Dít vereis professionele akademici sowel as vaardige en toegewyde professionele en administratiewe steundienste- (PASD-)personeel om kurrikula te lewer en studente se ko-kurrikulêre ontwikkeling te bestuur. Uitnemende leer en onderrig is steeds wat die oorgrote meerderheid van US-studente verwag, en bly boonop die grootste bron van hoofstroominkomste (sien **Tabel 2**). Leer en onderrig van gehalte maak ook die grondslag uit vir die US se ander kernbedrywighede, naamlik navorsing en sosiale impak.

Tabel 2: US-hoofstroominkomste uit onderrig-en-leeraktiwiteite

	Begroting 2019	Persentasie	Begroting 2018	Persentasie
	R '000		R '000	
Staatsubsidie	1 776 168		1 559 607	
Toekenning vir onderriginsette	1 122 366	39,7%	1 005 986	39,7%
Toekenning vir onderriguitsette	200 196	7,1%	163 681	6,5%
Toekenning vir navorsingsuitsette	448 191	15,8%	380 782	15,0%
Institusionele faktor	5 415	0,2%	9 158	0,4%
Studentegeld	1 053 424		973 725	
Voorgraadse studentegeld	841 129	29,7%	775 924	30,6%
Nagraadse studentegeld	209 596	7,4%	194 623	7,7%
Internasionale studentegeld	2 699	0,1%	3 178	0,1%
Totale US-hoofstroominkomste	2 829 592	100,0%	2 533 332	100,0%
Totale hoofstroominkomste uit onderrigaktiwiteite	2 163 691	76,5%	1 945 591	76,8%

Let daarop dat die 76,5% van die US-hoofbegroting wat uit onderrigverwante werksaamhede verdien word, soos wat die tabel hierbo toon, 'n konserwatiewe syfer is. 'n Aansienlike gedeelte van nagraadse studentegeld word uit die onderrig van modules in BHons-gradprogramme en nagraadse diplomas verdien, terwyl magisterprogramme met 'n lesingkomponent, waaronder MBA-grade, 'n verdere bron van onderriginkomste is.

3.3 Studentesukses

Studentesukses word beskou as 'n kombinasie van studente se akademiese prestasie in die program waarvoor hulle geregistreer is, en hulle ko-kurrikulêre (buiteklas-) prestasies gedurende hulle tyd op universiteit. Die ko-kurrikulêre sy van studenteontwikkeling word in die afdeling oor “n Transformerende Studente-ervaring” beskryf.

Studentesukses is 'n produk van gesonde vennootskappe: tussen studente en die US, sowel as tussen fakulteite en steundienste.

Die US is bekend vir die hoë gehalte van sy akademiese programme sowel as sy goeie graaddeurvloeiysifers. Trouens, volgens die deurvloeiitabelle wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) gepubliseer het, is die US die toppresterder in Suid-Afrika wat studentesukses betref.

Tabel 3 toon die graaddeurvloeiysifers vir eerste en honneursgrade, sowel as die gemiddelde modulesuksesysifers vir voorgraadse programme.

Tabel 3: Studentesuksessysifers in US-lesingprogramme

Drie jaar lange eerste grade

<i>Jaar</i>	2010	2011	2012	2013	2014
<i>Deurvloeiysifers* minimum + 2 jaar</i>	71,5%	68,6%	76,7%	72,4%	71,8%

Vier jaar lange eerste grade

<i>Jaar</i>	2009	2010	2011	2012	2013
<i>Deurvloeiysifers minimum + 2 jaar</i>	77,0%	73,5%	76,2%	75,0%	74,0%

Honneursgrade

<i>Jaar</i>	2012	2013	2014	2015	2016
<i>Deurvloeiysifers minimum + 2 jaar</i>	87,3%	87,8%	86,0%	87,0%	88,4%

Modulesuksessysifers (voorgraads)

<i>Jaar</i>	2014	2015	2016	2017	2018
<i>Suksessysifers**</i>	86,0%	86,9%	86,6%	87,2%	86,7%

* *Graaddeurvloeiysifers: Kohorte tot en met dié wat in 2018 binne die minimum programduur plus twee jaar kon gradueer, is in ag geneem. Die vierjaardevloeiysifers sluit Verlengde Graadprogram- (VGP-)studente in.*

** *Modulesuksessysifers: Slegs voorgraadse syfers word hier aangedui. Die persentasie bestaan uit die gemiddelde getal studente wat elke module geslaag het, gedeel deur alle studente wat vir daardie module geregistreer was.*

3.4 Verwelkoming van studente

Die energie en talente van nuwe studente dra by tot 'n florerende US. Ná die amptelike verwelkoming van meer as 5 000 nuwe eerstejaars by die Danie Craven-stadion aan die begin van 2019 het die

Rekoraat, dekane en die burgemeester van Stellenbosch die nuweling op 'n euforiese "Droomwandeling" vergesel, waartydens die studente kaartjies met hulle drome op aan die bome weerskante van Victoriastraat kon vasspeld (sien voorbladfoto van hierdie verslag). Dit was deel van 'n verwelkoming- en oriënteringstydperk met die doel om die nuwe studente behoorlik by die koshuis- en PSO- (Privaatstudenteorganisasie-)omgewings te laat inskakel.

Óók in Januarie 2019 het die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) en die Afdeling Studentesake saamgewerk om die **eerstejaarverwelkomingsprogram** op Tygerbergkampus aan te bied. 'n Hoogtepunt van die verwelkoming deur die FGGW-dekaan was die voorlesing van die Fakulteit se onderneming vir voorgaadse studente in ál 11 amptelike Suid-Afrikaanse tale sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die voorlesing het die nuweling en hulle ouers saamgesnoer en laat tuis voel.

3.5 Studenteleierskapsontwikkeling

Die US gaan voort om 'n aansienlike hoeveelheid tyd en hulpbronne in studenteleierskapsontwikkeling te belê. Dit is 'n kernbydraer tot 'n florerende US-studentegemeenskap en rus studente met gewenste graduandi-kenmerke toe, soos om betrokke burgers te wees wat in 'n diverse samelewing kan lei, saamwerk en doeltreffend kan funksioneer.

Die US se Studenteraad (SR) en die Tygerbergstudenteraad (TSR) het in Februarie en Maart 2019 'n spanbouoefening bygewoon om verhoudings tussen spanlede te verbeter. Die program was daarop uit om studenteleiers aan te spoor om kreatief te dink en gesamentlik na dieselfde doelwit te streef.

Die Sentrum vir Studentegemeenskappe het kwartaallike groepkonsultasies met die SR en die TSR om studente die geleentheid te bied om oor die prestasie van die verskillende SR-portefeuljes na te dink. Die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture bly op sy beurt op hoogte van die studenteleiers se welstand en akademie.

Die Akademiese Belangeraad (ABR) het op 13 April 'n werksessie aangebied om die klasvertegenwoordigers in ál agt fakulteite op Stellenboschkampus toe te rus om hulle studenteleierskapsrol in die klaskamer uit te leef. Dit maak deel uit van die ABR en fakulteitstudentekomitees se pogings om positief tot studente se onderrig-en-leerervaring in die klas by te dra.

Die Afdeling Studentesake het van 23 tot 27 Junie as gasheer vir die Internasionale Studenteleiersberaad opgetree in samewerking met die Internasionale Vereniging vir Studentesake en -dienste, waarvan dr Birgit Schreiber (toe nog Senior Direkteur: Studentesake) die ondervoorsitter is. Vyf-en-vyftig studente van 16 lande het die beraad bygewoon om oor geestesgesondheid in die hoër onderwys te gesels, en te bepaal hoe hulle hulle eie én medestudente se geesteswelstand deur vrye wil ("agency") en volhoubare samewerking kan verbeter en ondersteun.

Laastens het die SR van 2018/19 hulle termyn suksesvol voltooi en hulle verslae aan 'n evalueringskomitee voorgelê. 'n Geleentheid om die uittredende SR vir hulle bydrae tot die US-gemeenskap te bedank het op 26 September by STIAS plaasgevind. Vyf SR-lede het ook in vennootskap met US Internasionaal aan 'n uitruilprogram vir Afrikastudenteleiers by die Universiteit van Lagos, Nigerië, deelgeneem.

3.6 Gehalteversekering

Om uitnemend te wees, moet die US oor prosesse vir voortdurende gehalteverbetering en gereelde gehaltebeoordeling deur eksterne eweknieë van aansien beskik.

Die Gehaltekomitee het gedurende 2019 die verslae beoordeel van die volgende entiteite wat 'n eksterne evalueringproses ondergaan het, en sekere verbeteringe aanbeveel:

- Fakulteit Ingenieurswese: Eksterne evaluering van die BIng-programme deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (ECSA) (alle programme is tot en met 2023 geakkrediteer):

- Prosesingenieurswese
- Bedryfsingenieurswese
- Siviele Ingenieurswese
- Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
- Meganiese Ingenieurswese
- Megatroniese Ingenieurswese
- Fakulteit Teologie
- Fakulteit Lettere & Sosiale Wetenskappe
 - Geskiedenis
 - Filosofie
- Fakulteit AgriWetenskappe
 - Agronomie
 - Landbou-ekonomie
 - Plantpatologie
- Fakulteit Krygskunde
 - Skool vir Georuimtelike Studies en Inligtingstelsels
 - Skool vir Wetenskap en Tegnologie
- Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
 - Statistiek en Aktuariële Wetenskap
 - Skool vir Publieke Leierskap
- VS van die Bedryfshoof
 - Maties Sport

Die volgende entiteite het die Gehaltekomitee van tweejaaropvolgerslae voorsien oor verbeteringe wat hulle na aanleiding van hulle eksterne evalueringe aangebring het:

- Fakulteit Natuurwetenskappe
 - Fisiologiese Wetenskappe
 - Wiskundige Wetenskappe
- Fakulteit Lettere & Sosiale Wetenskappe
 - Moderne Vreemde Tale
 - Inligtingwetenskap
 - Visuele Kunste
- Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
 - Logistiek
- Fakulteit AgriWetenskappe
 - Hortologie
 - Voedselwetenskap

- VS van die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie & Personeel) (VR(SITP))
 - Afdeling Menslike Hulpbronne
 - US Museum
- VS van die Viserektor (Leer & Onderrig) (VR(L&O))
 - Afdeling Studentesake
 - Afdeling Studentetoegang (voorheen Afdeling Voornemende Studente)
 - Afdeling Leer- en Onderrigverryking
- VS van die Rektor
 - Registrateursafdeling (voorheen Afdeling Akademiese Administrasie)
 - VS van die Viserektor (Strategie & Internasionalisering) (VR(S&I))
 - Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (voorheen Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning)

4. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

4.1 Studentedemografie

Een manier om 'n ryke en relevante leerervaring op Stellenbosch te verseker is deur 'n diverse studentegemeenskap te hê. Studente-inskrywingsbestuur geskied deur middel van jaarlikse gesprekke met dekane om mikpunte vir voor- en nagraadse innames per program sowel as vir studenterassedemografie vas te stel. Werklike en geskatte studentegetalle aan die einde van Junie 2012, 2019 en 2025 verskyn in **Tabel 4** hieronder.

Voorgraadse diversiteit (d.w.s. studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-) bevolkingsgroepe) het van 37,9% in 2018 tot 38,7% in 2019 toegeneem, terwyl diversiteit op nagraadse vlak van 50,4% tot 51,8% gestyg het.

Tabel 4: Huidige syfers en vooruitskattings vir alle US-studente volgens studievlak en ras

Studievlak Ras	WERKLIK		GESKAT		Saamgestelde verandering
	2012	2019	2019	2025	2019 (werklik) - 2025
Nuwelingeerstejaars					
Wit/onbekend	3 067	3 134	3 242	3 081	-0,28%
BSIA	1 072	1 909	2 129	2 597	5,26%
TOTAAL	4 139	5 043	5 371	5 678	2,00%
%BSIA	25,9%	37,9%	39,6%	45,7%	
Voorgraads					
Wit/onbekend	12 553	12 348	12 331	11 823	-0,72%
BSIA	4 595	7 782	7 874	10 123	4,48%
TOTAAL	17 148	20 130	20 205	21 946	1,45%
%BSIA	26,8%	38,7%	39,0%	46,1%	
Nagraads (voor magister)					
Wit/onbekend	1 702	1 832	1 952	2 173	2,89%
BSIA	1 717	2 122	2 177	2 394	2,03%
TOTAAL	3 419	3 954	4 129	4 567	2,43%
%BSIA	50,2%	53,7%	52,7%	52,4%	
Nagraads (magister)					
Wit/onbekend	2 831	2 322	2 330	2 459	0,96%
BSIA	2 151	2 499	2 284	2 481	-0,12%
TOTAAL	4 982	4 821	4 614	4 940	0,41%
%BSIA	43,2%	51,8%	49,5%	50,2%	
Nagraads (doktoraal)					
Wit/onbekend	730	838	859	879	0,80%
BSIA	506	799	747	775	-0,51%
TOTAAL	1 236	1 637	1 606	1 654	0,17%
%BSIA	40,9%	48,8%	46,5%	46,9%	
Nagraads (totaal)					
Wit/onbekend	5 263	4 992	5 141	5 511	1,66%
BSIA	4 374	5 420	5 208	5 650	0,70%
TOTAAL	9 637	10 412	10 349	11 161	1,16%
%BSIA	45,4%	52,1%	50,3%	50,6%	
Geleentheidstudente					
Wit/onbekend	786	839	978	895	1,08%
BSIA	252	300	319	409	5,30%
TOTAAL	1 038	1 139	1 297	1 304	2,28%
%BSIA	24,3%	26,3%	24,6%	31,4%	
Alle studente					
Wit/onbekend	18 602	18 179	18 450	18 229	0,05%
BSIA	9 221	13 502	13 401	16 182	3,06%
TOTAAL	27 823	31 681	31 851	34 411	1,39%
%BSIA	33,1%	42,6%	42,1%	47,0%	

4.2 Meertalige programaanbod

Die US is as 'n wêreldklas- meertalige Suid-Afrikaanse universiteit geïmplementeer – een van net 'n paar in hierdie kategorie – wat noodsaaklik is in 'n land met 11 amptelike tale. Daarom is dit van die allergrrootste belang dat die Universiteit sorg dat taal nie toegang verhoed nie, maar sukses ondersteun, veral in diverse onderwysomgewings. Dit maak die bevordering van meertaligheid sonder uitsluiting een van die belangrikste wesenstrekke van die US.

Die US se Taalbeleid van 2016 is eers in die Hooggeregshof en toe in die Konstitusionele Hof aangeveeg omdat dit, aldus die litigant, studente wat verkies om in Afrikaans te studeer van gelyke regte ontnem. Die US hou vol dat sy Taalbeleid wél alle Suid-Afrikaanse studente gelyke toegang bied. Die Konstitusionele Hof het dit ook op 10 Oktober 2019 in sy uitspraak bevestig deur die US se Taalbeleid baie duidelik as grondwetlik geregtig te verklaar. Die hof het ook die doel van die Taalbeleid bevestig, naamlik om toegang tot en meertaligheid by die Universiteit te bevorder, en die akademiese en loopbaansukses van studente en personele te ondersteun. Boonop het die hof bevind dat die proses wat die Universiteit gevolg het om die beleid te aanvaar “deeglik, omvattend, inklusief en behoorlik beraadslagend” was.

Die US hou tred met sy meertalige voorgraadse onderrig aanbod, soos **Tabel 5** hieronder toon. Die syfers in die tabel is bereken deur eers die totale getal modulekrediete op te tel wat in elk van die drie modusse aangebied word, en dan die relatiewe persentasies te bepaal.

Die getal parallelmediummodulekrediete het van 2018 tot 2019 byna dieselfde gebly, 'n matige afname in dubbelmediummodules en 'n merkbare toename in enkelmediummodules. 'n Toename in enkelmediummodulekrediete is hoofsaaklik in die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe opgemerk. Hierdie onlangse toename in enkelmediumonderrig is meestal weens 'n groter getal akademiese aanstellings wat slegs in Engels kan klas gee. Let egter daarop dat studente in alle onderrigmodusse toegang het tot aanvullende leerfasilitering (bv. tutoriale) in sowel Afrikaans as Engels, en soms ook in Xhosa.

Tabel 5: Voorgraadse onderrig aanbod volgens taalmodus

	2014	2015	2016	2017	2018	2019
Afrikaans en Engels vir PARALLELE klasgroepe (parallelmedium)	16,6%	15,4%	17,5%	20,9%	21,6%	20,7%
SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep (dubbelmedium)	62,9%	69,5%	69,5%	64,6%	62,0%	59,6%
SLEGS Afrikaans of Engels vir die hele klasgroep (enkelmedium)	20,4%	15,1%	13,0%	14,5%	16,1%	19,7%

4.3 Ontwikkeling van tussenkultuurvaardighede

Met 'n al hoe meer diverse studentekorps aan die US, en in 'n wêreld waar kommunikasie tussen kulture 'n gegewe is, is tussenkultuurvaardigheid en die vermoë om doeltreffend oor kultuurgrense te kommunikeer onontbeerlike vaardighede vir alle studente.

Ongelukkig vind uiters onsensitiewe voorvalle van rassestereotipering steeds van tyd tot tyd op US-kampusse plaas. Die Senaat het by sy vergadering van 31 Mei 2019 ferm standpunt ingeneem oor een so 'n voorval, naamlik die publikasie van die navorsingsartikel “Age- and education-related effects on cognitive functioning in Colored South African women”. Die Senaat het eenparig 'n mosie aanvaar wat onder meer die US se Akademiese Beplanningskomitee opdrag gegee het om die moontlike instelling van modules oor teenrassisme, demokrasie en kritiese burgerskap vir alle studente te ondersoek.

Dr Choice Makhetha (wat op 1 Augustus die leisels as Senior Direkteur: Studentesake oorgeneem het) en personelede van die PASD-omgewing het gevolglik met elke fakulteit se adjunkdekaan vir onderrig en ander kollegas ontmoet om te bepaal:

- watter materiaal oor bogenoemde onderwerpe reeds beskikbaar is uit aanbiedinge in die kurrikulêre ruimte (sien “Gedeelde Menslikheid”-voorbeeld hieronder);
- watter onderrigmateriaal oor hierdie onderwerpe reeds beskikbaar is in die fakulteit se akademiese aanbod;
- in watter modules van die fakulteit sulke materiaal as deel van bestaande modulekrediete bekend gestel is of kan word; en
- hoe die fakulteit se programvernuwingsproses gebruik kan word om te sorg dat elke student in elke program behoorlik ingelig is oor teenrassisme, demokrasie en kritiese burgerskap.

Hierdie vergaderings het aan die lig gebring dat nie alle akademiese programme van die US hierdie leerstof gelyk hanteer nie. Die Akademiese Beplanningskomitee is sedertdien versoek om maatreëls aan te beveel wat sal sorg dat alle US-studente tussenkultuurvaardighede aanleer.

Die Ko-kurrikulumkantoor in die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture het in Augustus die proefprogram Gedeelde Mensheid van stapel gestuur. Hierdie program is gekonseptualiseer in samewerking met prof Jonathan Jansen, wat saam met ander hoog aangeskrewe kenners van binne die US se akademiese gemeenskap lesings oor belangrike onderwerpe aangebied het, soos **Tabel 6** hieronder toon. Die program is in ’n gemengde vorm vir tweedejaarstudente uit verskillende fakulteite aangebied. Dié diversiteit het gesprekke verryk en studente aangemoedig om kontekstuele kwessies uit ’n ander oogpunt as hulle eie te beskou. Die doel van die program was om die ontwikkeling van kritiese denkvaardighede by studente te meet en te monitor.

Tabel 6: Rooster vir die proefprogram Gedeelde Mensheid

GEDEELDE MENSHEID: MENSLIKE VERBONDENHEID IN ’N KOMPLEKSE WÊRELD SES LESSE IN KRITIESE DENKE				
EENHEID	DATUM	DISSCIPLINE	DOSENT	KERNVRAAG
Eenheid 1	6 Aug 2019 (Dinsdag)	Regsgeleerdheid	Prof Thuli Madonsela	Wat beteken dit om regverdig te wees?
Eenheid 2	21 Aug 2019 (Woensdag)	Geskiedenis	Prof Jonathan Jansen	Waarom duik ons verlede heelyd op?
Eenheid 3	4 Sep 2019 (Woensdag)	Geneeskunde	Prof Jimmy Volmink	Wat weet ons wat nie so is nie?
Eenheid 4	25 Sep 2019 (Woensdag)	Geografie	Prof Guy Midgley	Is die klimaat regtig besig om warmer te word?
Eenheid 5	9 Okt 2019 (Woensdag)	Filosofie	Prof Anton van Niekerk	Wat is die menslike vraagstuk in kunsmatige intelligensie?
Eenheid 6	22 Okt 2019 (Dinsdag)	Sielkunde	Prof Pumla Gobodo-Madikizela	Wat is ‘die dinge wat ons bybly’?

Party fakulteite het reeds inhoud oor tussenkultuurkommunikasie en -vaardigheid by kredietdraende modules ingesluit. Een uitmuntende voorbeeld is Besigheidskommunikasie 142 in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Vier krediete (’n bykomende 40 veronderstelde leerure) is in 2019 by hierdie module ingesluit om ’n behoorlike teoretiese grondslag vir tussenkultuurkommunikasie te lê. Studente moes verskillende tussenkultuuromstandighede ontleed, en is attent gemaak op hindernisse vir doeltreffende tussenkultuurkommunikasie, soos stereotipering en vooroordeel.

'n Opwindende eerste vir die US is die transformasiehandves van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat in Oktober 2019 in Engels, Afrikaans en Xhosa bekend gestel is. Dit is deur 'n taakgroep van die Dekaan se advieskomitee oor transformasie onder leiding van die Tygerbergse Studentesakebestuurder ontwikkel. Die handves verbind alle personeellede en studente van die Fakulteit daartoe:

- “om diversiteit in alle vorme op ons kampusse te vier; dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie: vermoë, seksualiteit, gender, afkoms, taal, ras, kultuur en geloofsgroep;
- om te verseker dat alle individue op ons kampusse voel dat hulle daar tuishoort;
- om bemagtigende omgewings te kweek waarin alle individue hulleself vrylik kan uitdruk en terselfdertyd ander se regte en vryhede in ag neem en respekteer;
- om 'n omgewing te bevorder waarin elkeen kan leer, werk en floreer, om sodoende alle individue in staat te stel om hulle volle potensiaal te verwesenlik en in aktiewe landsburgers te ontwikkel;
- om leer-, onderrig-, werks- en navorsingsomgewings te koester waarin ons al ons belanghebbendes met waardigheid, agting, billikheid en deursigtigheid benader; en
- om al ons belanghebbendes se menseregte te beskerm en daarna te streef om 'n opbouende impak te hê op die gemeenskappe in wie se diens ons staan”.

4.4 Sorgverskaffing

Universiteite wêreldwyd besef toenemend hulle verantwoordelikheid om na studente se geestesgesondheid om te sien. In dié verband voorsien die US se Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPOD) in die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) deurlopend individuele psigososiale en psigoterapeutiese studentekonsultasies en -groepwerksessies. Die afgelope jaar het die getal konsultasies, sowel as die erns van die betrokke probleme en die getal gevolglike diagnoses, drasties toegeneem. Eksterne konsultante moes gereeld gekontrakteer word om EPOD die werkklas te help hanteer. EPOD het vir Geestesgesondheidsmaand (Oktober) ook verskeie aktiwiteite van stapel gestuur om bewustheid te wek van die studentesteundienste wat by die US beskikbaar is.

In die besonder moes traumaberaiding voorsien word aan studentegemeenskappe wat erg geraak is deur gebeure soos die brand by Huis ten Bosch, studentesterftes of ernstige beserings in onnatuurlike omstandighede, sowel as geslagsgebaseerde geweld op die US se kampusse. Studente op Tygerbergkampus moes selfs méér bystand ontvang om die trauma verbonde aan pasiënte se gesondheidstoestand te verwerk. Van die metodes wat gebruik is om hierdie trauma te hanteer het ingesluit die skep van veilige ruimtes om oor geslagsgebaseerde geweld te praat, rouberading, trauma-ontlonting, en die voorsiening van inligting oor hoe om depressie en angs te identifiseer. Boonop is verskeie praatjies oor studentegeestesgesondheid in akademiese departemente en studenteleefomgewings aangebied.

Studenteleiers beleef ook dikwels erge druk van die gemeenskappe vir wie hulle werk, sowel as om hulle portefeuljies saam met hulle akademiese verpligtinge te behartig. Om hulle by te staan, het die SSVO in April 'n werksessie vir die SR aangebied. Die doel was om na te dink en te gesels oor die eerste kwartaal, en om opleiding in selfsorg te voorsien.

4.5 Ko-kurrikulêre ontwikkeling

Benewens toegang tot 'n akademiese aanbod van gehalte wat tot suksesvolle studie lei, put studente ook groot waarde uit die US se omvattende ko-kurrikulêre aanbod. Om studente ko-kurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede te help identifiseer wat met hulle belangstellings en behoeftes strook, het die US se Ko-kurrikulumkantoer 'n ko-kurrikulêre prospektus uitgegee met inligting oor die talle ervaringsleergeleenthede wat by die Universiteit beskikbaar is.

'n Bevoegdheidsraamwerk is ook in 2019 ontwikkel om aan te dui presies wat studente moet bereik om op hulle graadtranskripte erkenning vir hulle ko-kurrikulêre ontwikkeling te kry. Dít maak die

verwesenliking van graduandi-kenmerke en ko-kurrikulêre vaardighede tasbaar en duidelik vir toekomstige werkgewers en kliënte.

Deur die innoverende aanbieding van leergeleenthede is van die US se ko-kurrikulêre aanbiedinge nou ook al buite US-kampusgrense beskikbaar. Een voorbeeld is die aanlyn kortkursus JustLead, waarvan die tweede aflewering in 2019 'n uiteenlopende groep deelnemers van oor die hele Suid-Afrika gelok het. Altesaam 88 studente van 25 verskillende hoërsonderwys- en gemeenskapsorganisasies het geregistreer. Aanvangssessies is in Kaapstad en Johannesburg gehou. Die residensiële komponent in die vorm van 'n leierskapskamp het oor drie dae in Maart op Stellenbosch plaasgevind. Vir die res van die program is 'n aanlyn omgewing gebruik om bande met en tussen die deelnemers te bou en aanlyn interaktiewe leer aan te moedig. JustLead 2019 het temas van leierskap en maatskaplike geregtigheid geïntegreer. Die agt modules het gehandel oor:

- geloofwaardige leierskap;
- kritiese betrokkenheid;
- die gesamentlike skepping van 'n regverdigde samelewing;
- die uitlewing van inklusiwiteit;
- media en leierskap;
- die beskouing van ons hede deur die lens van ons verlede;
- aktiewe burgerskap in 'n demokrasie; en
- hoe om jou in jou leierskapsrol "tuis te maak".

4.6 Toegang vir studente en personeellede met gestremdhede

Die US wil 'n transformerende universiteit wees wat 'n diversiteit van mense op sy kampusse verwelkom. Persone met gestremdhede maak deel uit van die insluiting en diversiteit wat die US vooropstel. Die Universiteit se Eenheid vir Gestremdhede tree voortdurend op as kampvegter vir die waardes van deernis en meeleving in die fakulteits- en PASD-omgewings sodat alle personeellede en studente kan floreer.

Die Eenheid vir Gestremdhede het onlangs die US se Beleid oor Gestremdheidstoegang deur die aangewese kanale en komitees bygewerk. Die implementering van die bygewerkte beleid, wat op alle studente en personeellede op kampus van toepassing is, is deur 'n spesiale span behartig om te sorg dat alle rolspelers by die US hulle regte en verantwoordelikhede in verband met gestremdheid ken. Die Rektooraat het ook die eerste verslag oor gestremdheidstoegang ontvang en positief daarop gereageer. Sake met betrekking tot fasiliteite, klaskamersteun en leersteunstelsels wat aandag verg, is uitgewys, en word tans hanteer.

4.7 Uitskakeling van diskriminasie en geweld

Die US is verbind tot die uitwissing van alle onbillike diskriminasie en enige vorm van teistering en geweld op sy kampusse. Die Universiteit belê voortdurend hulpbronne in sy gevestigde organisatoriese strukture om dié doel te bereik. Samewerking tussen die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), die Institusionele Transformasiekomitee en die Transformasiekantoor is nou gestroomlyn om nie-amptelike klagtes in fakulteite en afdelings te hanteer. Daarbenewens is sewe nuwe adviespaneellede opgelei om voorlopige ondersoeke na amptelike klagtes oor onbillike diskriminasie en seksuele teistering te onderneem.

Die DHOO het ook 'n beleidsraamwerk uitgereik om geslagsgebaseerde geweld in die naskoolse onderwys- en opleidingsstelsel die stryd aan te sê. Hierdie raamwerk sal as rigsnoer dien vir die herskikking van die US se bestaande Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering om geslagsgebaseerde geweld, MIV/vigs, seksuele aanranding, teistering en onbillike diskriminasie op 'n geïntegreerde, omvattende manier te hanteer. Die DHOO-beleidsraamwerk bied 'n stewige grondslag waarop die US sy pogings teen gendergeweld stelselmatig kan versterk.

Boonop word 'n studentehandleiding oor genderdinamiek, verkrachtingskultuur en seksuele teistering tans geredigeer, terwyl die Verkrachtingskultuurmoniteringskomitee van die bevindinge in die verslag oor die beëindiging van verkrachtingskultuur van 2017 begin implementeer het. Die komitee se halfjaarlikse verslae dien voor die Rektooraat. In die laaste kwartaal van 2019 het die Rektooraat verskeie indringende ontmoetings met aktiviste teen geslagsgebaseerde geweld sowel as formele studente-leiers van sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus gehad. 'n Omvattende lys geïdentifiseerde aksies is na aanleiding van dié ontmoetings opgestel. Werkgroepe wat uit US-personeellede en -studente bestaan, het gevolglik opdrag ontvang om intervensies te beplan om dié aksies uit te voer.

4.8 Skakel met die arbeidswêreld

Die US streef ook daarna om studente toe te rus vir, en in aanraking te bring met, loopbaangeleenthede ná gradedag. Vir dié doel het die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste weer die jaarlikse Rekeningkunde-, Ingenieurswese- en algemene loopbaanskou aangebied. Verskeie maatskappye het dié platform gebruik om hulle loopbaangeleenthede onder US-studente te bemark. Die algemene loopbaanskou het op 6 Augustus in markiestente op die Rooiplein plaasgevind, waar 39 maatskappye 43 stalletjies gehad het. Vir die Rekeningkunde-loopbaanskou die volgende dag – wéér in tente op die Rooiplein – het 38 maatskappye 50 stalletjies gehad. Die Ingenieurswese-loopbaanskou op 8 Augustus in Academia se ontspanningsaal het uit 16 maatskappye met 18 stalletjies bestaan. Ongeveer 8 000 studente het die drie geleenthede bygewoon. Die skoue bied studente 'n unieke netwerkgeleentheid om met werkgewers te gesels, te bepaal wat werkgewers van gegradueerdes as moontlike werknemers verwag, en die beskikbare geleenthede te ondersoek.

4.9 Toegang deur werwingsprosesse

Fakulteite en die Afdeling Studentetoeegang werk saam om studente met akademiese meriete aktief te werf en toegang tot die US se leergeleenthede te bied. Die studentewerwings- en loopbaanadviesspan het in Februarie en Maart verskeie bemarkingsaktiwiteite onderneem, waaronder skoolbesoeke, oueraande, studieloopbaanvoorligting, psigometriese assessering en kampusinligtingsessies oor die US se aansoekprosesse. Die span raadgevers het in die eerste semester skole in die Wes-Kaap, Gauteng, Oos-Kaap (Port Elizabeth en Oos-Londen), KwaZulu-Natal (Pietermaritzburg en Durban), Limpopo (Nelspruit) en die Suid-Kaap (George en Oudtshoorn) besoek.

Daarbenewens het die US op 23 Februarie sy jaarlikse Opedag op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus aangebied. Meer as 8 500 senior leerders van so ver as Namibië het dit bygewoon. Leerders, hulle ouers, opvoeders en voorligters het 'n geleentheid ontvang om inligting oor studieprogramme direk van die onderskeie fakulteite te ontvang en meer oor die studentelewe, koshuis- en privaat huisvesting, finansiële bystand en die verskeidenheid ander studentesteundienste uit te vind.

Volgens 'n opname oor die Opedag:

- was die Suid-Afrikaanse leerders wat die geleentheid bygewoon het van ál nege provinsies, met die meeste uit die Wes-Kaap, Gauteng en KwaZulu-Natal;
- het leerders belangstelling in alle fakulteite se programaanbiedinge getoon, en was die inligtingsessies van veral Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese en Regsgeleerdheid gewild;
- was 97% van die respondente in graad 12 van plan om in 2020 by die US te registreer; en
- was 85% van die respondente volkome tevrede met die gehalte van die geleentheid.

Studieaansoeke met die oog op 2020 het op 1 Maart 2019 geopen. Die tendens binne die eerste maand het reeds op 'n toename in die totale getal aansoeke gedui, van 9 601 die vorige jaar tot 10 360 vir die inname van 2020. Die mees beduidende toename in aansoeke was onder swart Afrikaan-studente, van 3 568 vir die inname van 2019 tot 4 617 vir 2020.

4.10 Koshuisplasing


Die Koshuisplasingbeleid vervul 'n beduidende rol om toegang te voorsien en 'n diverse studentegemeenskap in die US se studentebehuising te verseker. Inwoning in studentebehuising word in **Tabel 7** saamgevat.

Tabel 7: US-koshuisinwoning volgens behuisingstipe, 2019

Tipe Universiteitsbehuising	Inwoning
Stellenbosch senior	548
Stellenbosch voorgraadse manskoshuis	2 508
Stellenbosch voorgraadse vrouekoshuis	2 913
LLL-huise	192
Maties Sport (Huis Neethling)	103
Tygerberg junior	660
Tygerberg senior	548
Studenteleierskapshuise (PSO)	96
Totale inwoning	7 723

*LW: Hierdie syfers sluit die 188 internasionale plasinge deur US Internasionaal uit.

Studentediversiteit in US-koshuise word in **Figuur 2** hieronder voorgestel.



Figuur 2: Rassediversiteit van studente in US-koshuise

Die vernaamste gevolgtrekkings uit Figuur 2 is soos volg:

- Bykans die helfte (49%) van alle studente in US-koshuise is wit, en net meer as die helfte (51%) kom uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe.
- Die meeste studente in voorgraadse koshuise is wit, en die meeste in senior koshuise is swart Afrikane.
- In pas met die oogmerk van die US se koshuisplasingstrategie het studentediversiteit in koshuise oor die afgelope drie innamejare stelselmatig toegeneem.

- Die getalsverhouding van vroue- tot mansinwoners in universiteitsbushuising is ongeveer 60:40.

4.11 Finansiële bystand vir studente

Die regering stel aansienlike finansiële bystand beskikbaar aan voorgraadse studente uit die arm en “ontbrekende middel”-inkomstekategorie. Die DHOO se NSFAS-beursskema voorsien volle subsidies aan studente uit huishoudings met ’n algehele jaarlikse bruto gesinsinkomste van R350 000 of minder. Soos **Tabel 8** aandui, ontvang ’n toenemende getal US-studente hierdie vorm van finansiële bystand.

Tabel 8: Getal ontvangers van die DHOO se nuwe NSFAS-beurse

Jaar	Getal gefinansierde studente (NSFAS en/of DHOO)	Totale geskatte bedrag
2017	855	R51,9 m
2018	2 395	R223,8 m
2019	2 737	R272,4 m

Die Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP) is in 2017 bekend gestel nadat ’n ministeriële taakgroep ’n finansieringsmodel aanbeveel het wat op die lees van ’n openbare-privaat vennootskap geskoei is. ISFAP wil gradueringsyfers verhoog en sodoende ’n groter kandidatepoel skep vir beroepe waarna daar ’n groot vraag is. Benewens volkoste-finansiering vir die volle duur van voorgraadse studie, sluit die ISFAP-model ook ’n gestruktureerde aanvullende studentesteunprogram in om sukses te verhoog.

Tabel 9 bied ’n oorsig van die getal ISFAP-beursontvangers per studieprogram aan die US, sowel as die geldwaarde van die ISFAP-belegging.

Tabel 9: Ontvangers van ISFAP-bystand by die US

Kohort ontvangers	Program	Totale getal ontvangers per program	Totale bedrag (R)
Eerstejaars 2018 (eerste inname)	BRek	37	15 329 889
	BIng	59	
	MB,ChB	37	
Totaal 2018		133	
Tweedejaars 2019 (terugkerend)	BRek	33	13 350 834
	BIng	42	
	MB,ChB	35	
Totaal		110	
Eerstejaars 2019 (nuwe inname)	BRek	16	6 432 674
	BIng	37	
	MB,ChB	0	
Totaal		53	
Totaal 2019		163	19 783 508

’n Hoogtepunt in 2019 was die samewerking tussen die US se ISFAP-kantoor en die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture (SSLS) om ’n steunprogram vir ISFAP-tweedejaars te ontwikkel en op die proef te stel. Die steunaanbod, genaamd die Universele Vaardigheidsprogram (“USp”), word deur hibriede leer aangebied. Dit bestaan uit agt modules oor onderwerpe soos kommunikasie, leervoorkeure, leierskap, kritiese betrokkenheid, ’n toekomsvisie, persoonlike handelsmerke en

multikulturalisme. Ses van die modules word aanlyn op die SUNLearn-platform aangebied. ISFAP het die USp as 'n voorbeeld van beste praktyk geloof.

Daarbenewens is die US se **werwingsbeursprojek**, wat uit die hoofbegroting gefinansier word, steeds een van die vernaamste werwingstrategieë om toppresterderstudente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe na die Universiteit te lok. Altesaam 677 toppresterders het in 2019 'n werwingsbeurs ontvang wat hulle klageld dek. Dié registrasies word in **Tabel 10** volgens fakulteit en bevolkingsgroep aangedui.


Tabel 10: Werwingsbeursverspreiding volgens fakulteit en bevolkingsgroep, 2018 teenoor 2019

Fakulteit	Bevolkingsgroep									
	Asiër		Swart		Bruin		Indiër		Totaal	
	2018	2019	2018	2019	2018	2019	2018	2019	2018	2019
AgriWet		1	20	9	14	16	2	2	36	28
EBW	1	3	59	22	99	68	36	27	195	120
FGGW	1	2	80	82	67	68	19	18	167	170
Ing	1	1	46	33	71	51	18	20	136	105
Let & Sos Wet	2	2	15	24	71	85	6	3	94	114
Natuurwet	4	1	23	20	53	36	15	9	95	66
Opv			3	1	20	23			23	24
Regsg (LLB)			12	9	28	25	2	5	42	39
Teologie					4	4			4	4
SciMathUS			1	1	3	6			4	7
Totaal	9	10	259	201	430	382	98	84	796	677

Die US kon in 2019 die benutting van sy steunfinansiering, wat tradisioneel aan uiters arm studente (d.w.s. diegene met 'n jaarlikse huishoudelike inkomste van minder as R240 000) toegeken word, hersien. Dit is omdat die NSFAS-beursskema voortaan steun sal bied aan alle studente in finansiële nood met 'n jaarlikse huishoudelike inkomste van minder as R350 000. Gevolglik het die Universiteit 'n nuwe **US-leningskema** bekend gestel om studente uit die ontbrekende middel (met 'n jaarlikse huishoudelike inkomste van tussen R350 000 en R600 000) verder te ondersteun.


Studente uit die ontbrekende middel verkeer ongetwyfeld in ewe groot finansiële nood as ander studente wat bystand verdien. Hierdie groep kan dit in die meeste gevalle nie bekostig om sonder finansiële bystand te studeer nie, maar hulle ouers het beperkte toegang tot krediet van finansiële instellings. Daarom het die US sy steunfinansiering herlei om 'n lening toe te staan wat dié studente se klageld dek. Die lening is rentevry vir die studietydperk, en terugbetaalbaar teen 'n vasgestelde jaarlikse primakoers ná graduering.

Die US put soveel moontlik waarde uit die nuwe NSFAS-beursskema, die ISFAP-beursskema sowel as studiebeurs-/studieleningsfinansiering uit die Universiteit se eie hoofbegroting. Weens druk op die institusionele begroting kon die Universiteit ongelukkig nie anders as om beursfinansiering uit eie hulpbronne in te kort nie. Desondanks het die totale bedrag finansiële bystand vir studente wat deur die US geadministreer word die afgelope aantal jaar aansienlik toegeneem, soos **Figuur 3** toon. Die totale waarde van beurse wat deur die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (SVBL) bestuur word, het van 2017 tot 2019 met R217 miljoen, of 48%, toegeneem.



Figuur 3: Institusionele finansiering, skenkings en eksterne finansiering vir voorgraadse beurse en lenings

Die grafiek in **Figuur 4** toon die totale waarde van beurse wat die SVBL van 2012 tot 2018 uitbetaal het, volgens rassegroep.



Figuur 4: Voorgraadse beursuitbetalings volgens ras, 2012 tot 2018

In die geheel beskou, het die verskillende beurse en lenings wat deur die US geadministreer word die Universiteit in staat gestel om toegang te verleen aan 'n veel meer diverse studentegemeenskap wat ras en sosio-ekonomiese status betref.

5. DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

5.1 Intern

Vanjaar was die US se tweede jaar as deelnemer aan die DHOO se Universiteitsvermoëbouprogram (“UCDP”). Die program bestaan uit agt projekte wat beoog om die onderrig-, leer- en navorsingservaring by die US te verbeter, met inbegrip van ’n studentetredhoustelsel, aanlyn tutoropleiding, die ontwikkeling van jong nuwelingpersoneellede, en onderriggenootskappe. Projekleiers bestuur individuele projekte in fakulteite en die PASD-omgewings, terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer oorhoofse projekbestuursverantwoordelikheid dra. Projekbeoordeling word in noue samewerking met die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) gefasiliteer.

Die Ko-kurrikulumkantoor bepaal standarde en formaliseer prosesse vir die erkenning van US-studente se ko-kurrikulêre prestasies. ’n Samewerkingsvennootskap tussen die Sentrum vir Onderrig en Leer, die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture, die Sentrum vir Studentegemeenskappe en die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling is tot stand gebring om:

- volhoubare praktyke te bou wat sal sorg dat programme van ’n hoë standaard aan die Komitee oor Ko-kurrikulêre Erkenning voorgelê word, en dat die geloofwaardigheid en gehalte van erkende ko-kurrikulêre aktiwiteite die instelling se reputasie versterk namate gradueerdes die arbeidswêreld betree;
- gehalteversekeringsmeganismes en -prosesse in die ontwerp, ontwikkeling, implementering, assessering, monitering en evaluering van ko-kurrikulêre programme en aktiwiteite vas te lê, veral met die oog daarop om te kan bewys dat graduandi-kenmerke verwerf is;
- ko-kurrikulumervaringsopvoeders in PASD-omgewings en fakulteite opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede te bied; en
- ’n bestepraktykgemeenskap vir ervaringsopvoeders te skep en te bou.

Daarbenewens het die Tygerbergse Studentesakebestuurder en kollegas van die Transformasiekantoor met fakulteitslede saamgewerk om ’n twee dae lange werksessie oor persoonsgerigte sorg in die module Dokter as Agent van Verandering vir MB,ChB-vyfdejaars aan te bied. Die werksessie het in Augustus as deel van die studente se kurrikulum plaasgevind en oor onderwerpe soos tussenkultuurkommunikasie, mag, bevoorregting, kulturele nederigheid en gendervloeibaarheid gehandel. Dit het boonop die Eenheid vir Gelykwaardigheid ’n geleentheid gebied om sy diensaanbod aan studente bekend te stel.

Die US Museum, die Simon Nkoli-kollektief en die Eenheid vir Gelykwaardigheid bied ook tans ’n vyf maande lange uitstalling aan ter ere van wyle Simon Nkoli, ’n apartheidstrydikoon en gelykheidsaktivis. Die bekende gassprekers by die amptelike opening van die uitstalling in mid-September was regter Edwin Cameron en dr Beverley Palesa Ditsie. Die uitstalling getiteld *Black Queer Visibility: Finding Simon* is die produk van voortgesette gesprek oor Nkoli se politieke lewe en beoog om die publiek te laat nadink oor die kwessie van solidariteit teen toenemende ongelykheid in die strewe na maatskaplike geregtigheid. Die US het in 2017 reeds die gebou waarin die Eenheid vir Gelykwaardigheid en die Eenheid vir Gestremdhede geleë is na Nkoli genoem.

5.2 Streek

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) werk steeds ten nouste saam met die Stellenbosch Gestremdhedens netwerk oor gemeenskaplike gestremdhedsverwante aangeleenthede, en ruil inligting uit met die US se verskillende gestremdhedsinsluitingssektore in die munisipale gebied Stellenbosch. Die EG dien ook in die Stellenbosch Mobiliteitsforum, wat deel is van Stellenbosch Munisipaliteit, waar spesifieke toeganklikheidskwessies wat binne die munisipale sfeer val, soos toeganklike sypaadjies en munisipale wandelroetes, bespreek word. Ook die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkings het aansienlike bystand verleen deur met finansiers vir verskillende gestremdhedsgemeenskapsprojekte te skakel.

Steeds in streeksverband het die US, die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT) en die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) oor 'n hersiene memorandum van verstandhouding (MvV) ooreengekom vir die voortgesette gesamentlike aanbidding van 'n Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys vir universiteitspersoneel. Die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys (Fakulteit Opvoedkunde) sal die US vanaf 2020 in hierdie vennootskap verteenwoordig, terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) en die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) vermoë en kundigheid vir sommige modules sal voorsien. Die US het reeds sy akademiëci genooi om aansoek te doen om hierdie diplomakursus, wat sterk verband hou met die professionalisering van die onderrigrol.

5.3 Internasionaal

Die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling is betrokke by die US/KU Leuven-dinkskrum, wat reeds vyf jaar aan die gang is. Die doel van die dinkskrum, wat deel uitmaak van die aanvanklike voorkeurvennootskap tussen die US en KU Leuven, is om akademiese uitblinkerstudente 'n interkulturele/internasionale ervaringsleergeleentheid te bied. 'n Verdere doel is om die volgende generasie akademiese vakkundiges toe te rus met die vereiste ko-kurrikulêre vaardighede om optimaal in 'n interdisiplinêre navorsingsomgewing en 'n geglobaliseerde wêreld te funksioneer. Vir vanjaar se tema, "Gesondheid en welstand – die toekoms van gesondheidsorg", het deelnemers die impak van (on)gesonde wêreldburgers krities en interdisiplinêr ondersoek.

Drie-en-dertig studente is op grond van hulle akademiese uitnemendheid uit verskillende fakulteite van die twee instellings gekies. Die Leuven-deelnemers het in die eerste semester hulle US-eweknieë vir 'n indringende fokusgroepweek besoek, waarna die studente verder aan hulle groeponavorsingsprojekte gewerk het. Die finale projekte word in Desember 2019 in Leuven uitgestal.

6. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

6.1 Voortgesette programvernuwing

Programvernuwing is 'n hoogs samewerkende aktiwiteit wat fakulteite én steunafdelings betrek en op netwerke oor departementele en fakulteitsgrense heen berus. Dit is 'n wesenstrek van gehalteverbetering, en 'n kerndeel van voortgesette verbetering aan die US. Hoewel programvernuwing in verskillende vorme kan plaasvind en verskillende benaderings kan volg – party lineêr en ander minder gestruktureerd – is dit belangrik om te sorg dat die proses omvattend, gedagteprikkend en samewerkend is om waarde toe te voeg aan fakulteite en departemente se opvoedkundige praktyke.

Die volgende inisiatiewe het die US-projek vir programhersiening en -vernuwing die afgelope drie jaar stukrag gegee:

- Die verkryging van UCDP-finansiering van die DHOO vir die eerste drie jaar van die US-projek (2018-2020)
- Die beplanning en inwerkingstelling van fakulteitsgebaseerde projekte vir programhersiening en -vernuwing, en die begrotings om dié projekte te ondersteun
- Die ontwikkeling en implementering van 'n kortkursus van 12 krediete oor die Akademieskap van Onderwysleierskap
- Die verkryging van Senaatsgoedkeuring vir 'n stel riglyne vir programkomiteevoorsitters en programleiers in November 2018 ná wye oorlegpleging op fakulteits- en institusionele vlak
- Die aanbidding van etlike vermoëbou-inisiatiewe, soos werksessies en gespreksgroepe, om die projekte vir programhersiening en -vernuwing op institusionele en fakulteitsvlak te ondersteun
- Die aanvoer van die proses om 'n nuwe Beleid vir Gehalteversekering en -verbetering vir die US te skryf

- Die vestiging van 'n fokusgebied vir programhersiening en -vernuwing in die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering om die bestaande twee fokusgebiede van akademiese beplanning en gehalteversekering aan te vul
- Die aanstelling van 'n raadgewer oor programhersiening en -vernuwing in die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering

'n Goeie voorbeeld van genetwerkte en samewerkende institusionele leer was die tussenfakulteitswerksessie oor programvernuwing op 12 September 2019. Altesaam 44 programvoorsitters, programleiers, gemengdeleerkoördineerders en raadgewers van die sentrums vir Onderrig en Leer, Leertegnologieë sowel as Akademiese Beplanning en Gehalteversekering het aan gesprekke oor die huidige programvernuwingsprojekte in fakulteite deelgeneem. Die werksessie het 'n geleentheid gebied om te besin oor, en 'n opname te maak van, vordering met programvernuwingsprojekte in fakulteite met behulp van die elemente van 'n logikamodel. Die deelnemers het moontlike vorderingsaanwysers vir tredhoudoeleindes voorgestel en programvernuwingsinstaatstellers en -uitdagings in fakulteite geïdentifiseer en bespreek. Te oordeel na die terugvoering het programvernuwing aan die US met rasse skrede gevorder sedert die UCDP-projek in 2018 aangevoer is. 'n Verdere werksessie het op 18 Oktober plaasgevind vir daardie fakulteite wat nie die September-geleentheid kon bywoon nie.

Daarbenewens het die Programvernuwingskomitee van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe dit as een van sy prioriteite gestel om alle eerstejaars met grondslagvaardighede in besigheidskommunikasie toe te rus. Derhalwe het die Fakulteit die Taalsentrum versoek om die voortou te neem met die ontwikkeling en aanbieding van 'n verpligte module (ses krediete) in die tweede semester van die BCom- en BCom (Bestuurswetenskappe)- programme vir eerstejaars. Hierdie module moet ook as voorbereiding dien vir 'n sterker klem op besigheidskommunikasievaardighede in die seniorjaarmodules, veral in die sogenaamde "skryf- en inligtingsverrykte modules".

6.2 Nuwe US-programme

Agtien nuwe akademiese programme het in die verslagtydperk volle akkreditasie ontvang, en is gereed vir implementering in 2020 (sien **Tabel 11**). 'n Verdere 14 nuwe programme dien tans voor die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) en kan dalk nog voor die einde van die jaar volle akkreditasie ontvang (sien **Tabel 12**). Eksterne goedkeuring deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO), SAKO en die DHOO is steeds 'n frustrerend uitgerekte proses, wat tot twee jaar kan duur. Danksy bykomende vermoë by die RHO lyk dit nietemin of die proses die afgelope tyd vinniger verloop.

Tabel 11: Verspreiding van nuwe akademiese programme vir 2020, volgens fakulteit

Fakulteit	Getal pas geakkrediteerde programme	Getal nuwe programme wat SAKO tans evalueer	Voorlopige totale getal nuwe programme vir 2020
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1	1	2
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1	2	3
Opvoedkunde	1		1
Ingenieurswese	3	3	6
Regsgeleerdheid	3		3
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	9	5	14
Krygskunde		1	1
Natuurwetenskappe		2	2

Tabel 12: Getal programme wat die Senaat in 2019 vir maandelike aanbieding vanaf 2021 goedgekeur het

Fakulteit	Getal nuwe programme met Senaatsgoedkeuring
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	2
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	8
Krygskunde	1
Natuurwetenskappe	3

6.3 Samewerkende portuurgroepleer met mentors en tutors

Portuurgroepleer en mentor-/tutorbystand word al hoe belangriker by die US. 'n Werkgroep onder die beskerming van die Komitee vir Onderrig en Leer hersien tans die kategorieë, rolle en verantwoordelikhede van leer-en-onderrigassistenten by die US. Die doel is om riglyne te voorsien oor hoe om leer nie net binne nie, maar ook buite die lesingsaal so goed maandelik te ondersteun. Daar bestaan reeds 'n paar uitstekende modelle om van te leer.

So byvoorbeeld is die tutor-mentor-program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) 'n studentegedrewe akademiese portuurstunprogram. Die doel is om eerstejaars deur die akademiese oorgang van hoërskool tot universiteit te ondersteun, en tweedejaars vir 'n swaarder werkklas en blootstelling aan die kliniese omgewing voor te berei. Senior studente in die Fakulteit word as tutor-mentors (of "MenTuts") gekies. Die kohort nuwe MenTuts vir 2019 het in April tyd- en stresbestuursopleiding ontvang, wat in ses sessies deur die SSVO se opvoedkundige sielkundiges en interns gefasiliteer is. In Julie het die kantoor van die Tygerbergse Studentesakebestuurder ook 'n MenTut-dinkskrum aangebied om die toekomstige implementering van die tutor-mentor-program te herbedink.

Vakspesifieke tutorsteun maak deel uit van die gratis aanvullende akademiese portuursteun tot FGGW-studente se beskikking. Studentesake werf senior voor- en nagraadse FGGW-studente as onderskeidelik studentekoördineerders en vakspesifieke tutors. Tutors voorsien akademiese steun met vakspesifieke (teoretiese of praktiese) inhoud aan voorgraadse studente wat bykomende steun versoek. Tutorure word tot agt uur per week beperk om te sorg dat hulle dagprogramme steeds gebalanseerd is.

In September het 131 nuwe MenTuts en 17 vakspesifieke tutors in die FGGW vir die eerste keer opleiding in basiese tutorvaardighede ontvang. Die kurrikulum is deur die Tygerbergse Studentesakebestuurder saamgestel en vier studente het die werksessie aangebied.

6.4 Ontwikkeling van programme vir hibriede leer

Hibriede leer (HL) is 'n leweringmodus vir akademiese kursusse wat kort tydperke van persoonlike kontak tussen dosente en studente met aansienlike gefasiliteerde aanlyn studenteleer kombineer. HL is veral afgestem op studente wat nie die geleentheidskoste verbonde aan voltydse residensiële studie op die perseel van 'n akademiese instelling kan bekostig nie.

Die beweegrede vir die US se uitbreiding na HL is om toegang te bied aan studente wat dit nie andersins sal kan bekostig om te studeer nie. 'n Onderontginde mark vir die US se akademiese aanbod is studente wat reeds die werkplek betree het en wat verkies om aanlyn verder te studeer. Die US het 'n uitmuntende graaddeurvloeiwyse vir sy voltydse residensiële akademiese programme en beplan daarom nie 'n beduidende uitbreiding in sy ten volle aanlyn akademiese aanbod, wat oor die algemeen 'n veel swakker studentebelofsfer het nie.

Die HL-strategie kombineer derhalwe die US se bestaande sterkpunte met geleenthede om die studentetal kostedoeltreffend te verhoog, sonder om aan die huidige streng perke op staatsubsidies en studiegeld vir voltydse residensiële Suid-Afrikaanse studente te moet voldoen. Daarbenewens word die koste-intensiewe fisiese infrastruktuur vir voltydse residensiële studente nie tans vir die volle akademiese kalenderjaar gebruik nie, en sal die HL-blokkontaksessies dus ook die benutting van leerruimtes verbeter.

Baie hedendaagse studente verkies aanlyn leer én die vrye keuse wat daarmee saamgaan. Toenemende internetkonnektiwiteit en beter aanlynleerbestuursagteware brei toegang tot studiegeleenthede verder uit, veral vir studente in onderontwikkelde wêreldstreke. Afrika het die grootste en snels groeiende jeugbevolking wat onderrig moet ontvang. Noudat die voorste akademiese instellings ter wêreld hierdie markte betree, kan die US nie bekostig om nié deel te neem nie.

Die US het die afgelope vyf jaar sy gemengdeleervermoë (pedagogies verantwoordbare benutting van tegnologie om onderrig en leer te fasiliteer) aansienlik uitgebrei. Dit beteken die Universiteit kan nou die reikwydte van sy akademiese aanbod na nuwe studentemarkte uitbrei. Die US se HL-leweringmodel ontgin maksimum sinergie met die voltydse residensiële akademiese aanbiedinge sodat laasgenoemde studente óók sal baat vind by toeganklike gedigitaliseerde materiaal.

Die *US Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024* noem "Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer" as een van sy ses kern strategiese temas. Die spesifieke strategiese doelstelling waarna hierdie HL-strategie streef, is "Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien". Die strategie is ook opgeneem in die VS L&O se omgewingsplan vir 2019, onder strategiese prioriteit 4, "Gepaste IKT om residensiële en hibriedeleerstudente te ondersteun". Boonop is die Sakeplan vir Hibriede Leer aan die Universiteit Stellenbosch (2019) opgestel om die HL-strategie uiteen te sit, die finansiële uitvoerbaarheid daarvan te toon en die geleenthede en risiko's te verduidelik.

Op mediumtermyn is die mees uitvoerbare akademiese aanbiedinge vir die US se doeleindes kortkursusse sowel as nagraadse diplomas, baccalaureushonneurs- en magistergrade met 'n lesingkomponent. Die kennisgebiede van die bedryfs- en bestuurswetenskappe, geneeskunde en gesondheidswetenskappe sowel as voortgesette onderwysopleiding bied die beste vooruitsigte om

nuwe studentemarkte te lok. Volgens inskrywingstatistieke van Junie 2018 was 10,8% van die US se voltyds-ekwivalente studente toe reeds vir HL-programme ingeskryf (sien **Tabel 13** en

Tabel 14: Huidige hibriedeleeraanbiedinge by die US volgens studente-inskrywings

(data van Junie 2018)

). Die doel van die US se HL-sakeplan is dus om die voltyds-ekwivalente (VE) studente in HL-programme teen die einde van 2025 tot 25% van algehele US-studente-inskrywings te verhoog. Dit behels die stapsgewyse uitbreiding of byvoeging van 21 HL-programme (elk 'n jaar lank en 120 krediete) met 'n inskrywingsyfer van ten minste 250 VE studente in elke program.

Tabel 13: Huidige hibriedeleeraanbiedinge by die US volgens programtipe (data van Junie 2018)

Fakulteit	Program-/moduletitel	Getal inskrywings
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Magister in Bedryfsadministrasie (deelyds)	3 431
	Baccalaureus in Publieke Administrasie (Honneurs)	2 034
	Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie	1 527
	Nagraadse Diploma in MIV/Vigs-bestuur	1 349
	Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid	377
	Magister in Publieke Administrasie	234
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Nagraadse Diploma in Verpleegkunde	2 298
	Magister in Voeding in Openbare Gesondheid	210
	Magister in Verpleegkunde	104
	Baccalaureus in Verpleegkunde (Honneurs)	26
Opvoedkunde	Baccalaureus in Opvoedkunde (Honneurs)	749
AgriWetenskappe	Magister in Voedsel- en Voedingswetenskap	69

Tabel 14: Huidige hibriedeleeraanbiedinge by die US volgens studente-inskrywings (data van Junie 2018)

Fakulteit	Totale inskrywings (volgens koppetelling)	Totale VE studente	VE hibriedeleer-studente	VE hibriedeleer-studente as 'n % van alle VE studente
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	8 927	7 026	1 451,1	20,7%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	4 588	3 021	1 133,4	37,5%
Opvoedkunde	1 854	1 604	74,9	4,7%
AgriWetenskappe	2 190	1 494	6,9	0,46%
Totaal	31 765	24 710	2 666,3	10,8%

LW: Vir magisterprogramme met kursuswerk word daar aanvaar dat elke module gemiddeld uit 18 krediete en die graadprogram uit 180 krediete per jaar bestaan. Elke studente-inskrywing verteenwoordig dus 'n 0,1 VE student.

Die finansiële model vir die US se HL-sakeplan berus op die bestaande suksesvolle program Baccalaureus in Publieke Administrasie (Honours). Alle inkomstebronne en alle volkoste van hierdie program is met behulp van finansiële data vir die akademiese jaar 2018 bereken en daarna by 'n veralgemeende finansiële wins-verlies-winsdrempel-model ingevoer. Volgens die model sal 'n jaar lange nagraadse HL-program die winsdrempel op 150 VE studente bereik en 'n jaarlikse wins van R2,575 miljoen per programaanbod met 'n teikenstudentetal van 250 VE studente verdien, met alle programbedryfskoste ingereken. Die ontwikkelingskoste vir drie nuwe HL-programme in elk van die jare 2020 tot 2022 en vier nuwe HL-programme in elk van die jare 2020 tot 2022 word afsonderlik bereken. Vir die berekening van kontantvloei is een jaar vir HL-programontwikkeling toegelaat, en drie jaar vir 'n program om sy teikeninskrywingstal van 250 VE studente te bereik. Die finansiële model dui daarop dat die US se HL-aanbod, ná 'n aanvanklike negatiewe kontantvloei, teen 2025 die winsdrempel behoort te bereik, terwyl die volle aanbod van 21 HL-programme vanaf 2028 'n geskatte totale wins van R54 miljoen per jaar behoort te verdien.

Die US het reeds sekere menslike hulpbronne en tegnologie bekom om 'n paar huidige HL-programaanbiedinge van stapel te stuur. Vyf gemengdeleerkoördineerders in die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) word die afgelope vyf jaar reeds as vastetermykontrakaanstellings gefinansier (uit geld van die Raad se IKT in L&O-projek) om fakulteitsakademië by te staan om gemengde leer by hulle modules in te sluit. Die SLT beskik ook oor een aanlynleerontwerper, een instruksionele ontwerper, 'n 5/8-multimediaontwerper en twee studente- en fakulteitsteunpersoneellede – almal permanente aanstellings – wat aan HL-programontwikkeling werk.

Soos die omgewingsplan van die VS L&O en die HL-sakeplan aandui, moet die US bykomende menslike hulpbronne bekom om die HL-uitbreidingsstrategie te ondersteun. Die Rektoraat het goedkeuring verleen vir die hertoekenning van finansiële reserwes in die VS van die Viserektor (Leer & Onderrig) om 'n instruksionele HL-aanvangsfonds te skep. Hierdie finansiering is genoeg vir ten minste drie jaar se personeelkoste in die VS L&O (R9 274 221 per jaar) en die Afdeling Informatietegnologie (IT) (R2 319 049 per jaar). By die skryf van hierdie verslag is daar ook nog gewag op die uitslag van 'n

aanvangsfinansieringsaansoek by die US Strategiese Fonds sodat fakulteite bykomende akademici vir die HL-programontwikkelingsfase kan kontrakteer. Hierdie twee aanvangsfondse behoort vir aanvanklike negatiewe kontantvloei te vergoed totdat studente-inskrywings genoeg toegeneem het om die koste vir die aanbieding van nuwe HL-programme te dek.

Die US het reeds voorbeelde van 'n kortkursus en 'n module wat onderskeidelik ten volle aanlyn en in HL-modus aangebied word.

SENWET het finansiering van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) bekom om 'n buigsame studiegeleentheid te skep vir akademiese personeellede, veral nuweling- doktrale studieleiers by Afrika-universiteite, wat daarin belang stel om hulle vaardighede en netwerke op die gebied van doktrale studieleiding te versterk. Die hoogs interaktiewe kursus is as 'n proef oor 'n tydperk van agt weke in Oktober 2018 in 'n ten volle aanlyn formaat vir meer as 100 aktiewe deelnemers op die Afrikavasteland aangebied. Deelnemerterugvoering dui op 'n besonder hoë kursustevredenheidsyfer, wat die sukses van die aanlyn ontwerp en die fasiliteringstrategieë vir die lewering van die kursusinhoud onderstreep. Twee herhalings van die kursus is in 2019 aangebied – een in Mei, en die ander in Oktober – gevolg deur 'n alumninetwerkgeleentheid in November vir 'n uitgesoekte groep genooide kursusdeelnemers op die US-kampus.

Die module Chemie 164 is op sy beurt 'n voorbeeld van hoe HL-modules studente hulle graad in die kortste moontlike tyd kan help verwerf. Die hoofdoel met die ontwerp van hierdie hibriede proefmodule, wat in die tweede semester van 2019 geïmplementeer is, was om probleme met Chemie 124, synde 'n sogenaamde “hekwagtermodule” (d.w.s. 'n module wat in die eerste jaar geslaag moet word om na die tweede jaar te kan vorder), uit te stryk. Chemie 164 is as 'n hibriede weergawe van Chemie 124 geskep en studente wat Chemie 124 in die eerste semester (2019) gedruip het, kon dus in die Julie-reses vir Chemie 164 registreer. Meer as 80 studente het geregistreer. Die leweringmodus was aanlyn leer, wat met twee indringende kontakssessies gedurende die resestydperk aangevul is om die meeste van die leerwerk voor die aanvang van die tweede semester te voltooi. Daarna word twee eksamenleenthede op normale eksamentye aangebied. Die hibriediese model het beduidende strategiese waarde: In hierdie geval is 'n belangrike beoogde uitkoms om studente 'n verdere (meer buigsame) geleentheid te bied om hulle graad te voltooi sonder om vir 'n bykomende studiejaar te moet registreer.

Voorbeelde van ander hibriediese modules/programme wat tans ontwikkel word (die meeste vir implementering teen 2020) sluit in:

- Nagraadse Diploma in Strategiese Menslike Hulpbronbestuur (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe);
- Biologie 124 en Bio-informatika (Honneurs)(Fakulteit Natuurwetenskappe);
- MPhil in Kankerwetenskapnavorsing (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe);
- Strukture in 'n Brand (Fakulteit Ingenieurswese); en
- Nagraadse Diploma in Bosbou- en Houtwetenskappe (Fakulteit AgriWetenskappe).

7. NAVORSING VIR IMPAK

7.1 Voortgesette professionalisering van akademici

Navorsing oor die pedagogie en leierskap van onderrig en leer in die hoër onderwys is net so belangrik en relevant soos navorsing in enige ander akademiese dissipline. Dít is waarom die US beduidend in die voortgesette professionalisering van personeel in hulle onderrigrolle belê. Een sodanige benadering het begin met 'n eksterne kortkursus van die Universiteit van Brits-Columbië wat tien L&O-leiers van Stellenbosch in 2017 voltooi het. Die doel van die kursus was om akademici aan die akademieskap van

onderrig en leer bekend te stel, en hulle toe te rus om, benewens hulle eie vakgebiede, ook op hierdie gebied te publiseer.

Die US het sedertdien sy eie kortkursus oor die **Akademieskap van Onderwysleierskap** ontwerp en dit tot dusver vir twee kohorte aangebied. Die kortkursus konsentreer op leierskap in, en die akademieskap van, onderrig en leer. Die eerste kohort US-leiers wat die kortkursus voltooi het, was prof Debby Blaine (Ingenieurswese), prof Julia Blitz (FGGW), prof Ronelle Carolissen (Opvoedkunde), prof Karin Jacobs (Natuurwetenskappe), dr Fankie Monama (Krygskunde), dr Mary Nel (Regsgeleerdheid), prof Aletta Odendaal (EBW), dr Shantelle Weber (Teologie) en, uit die PASD-omgewing, me Ruth Andrews (Ko-kurrikulumbestuurder) en dr JP Bosman (SLT). Hulle het hulle sertifikate op 12 April 2019 van die Viserektor (Leer & Onderrig) ontvang.

Die tweede en huidige kohort bestaan uit tien akademici en PASD-personeel, naamlik prof Ada Jansen (EBW), prof Maret du Toit (AgriWetenskappe), prof Mary-Anne Plaatjies von Huffel (Teologie), prof Trevor Haas (Ingenieurswese), prof Faadiel Essop (Natuurwetenskappe), dr Karin Baatjes (FGGW), dr Michelle Nel (Krygskunde), dr Lorna Dreyer (Opvoedkunde), dr Kabelo Sebolai (Taalsentrum) en dr Sonja Strydom (SLT). Hulle laaste kontakssessie, oor pedagogiese leierskap, het op 13 September plaasgevind. Gedurende die aanlyn sessie voor die kontakssessie het deelnemers literatuur oor die onderwerp bestudeer en gedurende 'n groepaktiwiteit gesels oor wat hulle uit die leesstukke geleer het. Deelnemers het ook aan die einde van Oktober hulle navorsing oor die akademieskap van onderwysleierskap by die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie aangebied, en moet hulle laaste twee assesseringstake teen 30 November indien. 'n Skryfmarathon word vir November gereël om die deelnemers 'n geleentheid te bied om hulle summatiewe opdragte af te handel.

Die kohort vir 2020 word tans geïdentifiseer.

7.2 Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie

Ná sewe voorkonferensiewerksessies op 28 Oktober het die US se 12de interne **Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie** op 29 en 30 Oktober plaasgevind. Hierdie geleentheid bied 'n platform vir akademici om:

- beste praktyk, navorsingsbevindinge en innoverende idees oor onderrig en leer uit te ruil;
- oor onderrig-en-leermetodes, -tendense en -doelwitte na te dink en debat te voer; en
- onderrig en leer by die US te vier.

'n Rekordgetal opsommings (95) is vir vanjaar se konferensie met die tema **“(Jou) Onderrig Maak Saak @ die US”** ontvang. Dr Joy Mighty, mede-ondervoorsitter van onderrig en leer by Carleton-universiteit, Kanada, en prof Geo Quinot van die US se Fakulteit Regsgeleerdheid was die hoofsprekers. Die Universiteit se O&L-kampvegters (d.w.s. HELTASA-wenners, US-genote, TAU-genote, wenners van toekennings vir voortreflike onderrig) is ook by die geleentheid vereer.

7.3 Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)

FINLO beoog om leer en onderrig vir dosente en studente te verbeter deur innoverende en navorsingsgerigte leer-en-onderrigprojekte te finansier. Dit strook met die US se doel om “Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit” te wees en navorsing vir impak te onderneem. Die resultate van 'n onlangse evaluering deur prof Magda Fourie-Malherbe het FINLO se waarde vir beter leer en onderrig aan die Universiteit bevestig. Die afgelope jaar is die reglement vir die bestuur van die fonds hersien en goedgekeur.

8. VOORKEURWERKGEWER

Selfverwesenliking is een van die kernmotiveerders vir uitblinkers. Daarom streef die VS L&O daarna om akademië en PASD-personeel in hulle ontwikkeling as vakkundige opvoeders en die vervulling van hulle rol as opvoeders binne en buite die klaskamer te ondersteun, en om uitnemendheid te erken.

8.1 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademië (PRONTAK)

PRONTAK wil die professionalisering van akademië as opvoeders in die hoër onderwys bevorder deur gemengdemodusplatforms en samewerkende leerruimtes te voorsien.

Vir vanjaar se program het 67 pas aangestelde akademië uit ál tien die US se fakulteite op 22 Mei vir die eerste tussenfakulteitskontakssessie by STIAS byeengekom. Die tema van die dag was “Onderrig & Leer by die US ‘buite die boks’”. Die bedoeling was om te toon dat leer prettig en aktief kan wees, om soveel moontlik netwerkgeleenthede te bied, en deelnemers aan te moedig om oor hulle eie onderrig na te dink.

Die deelnemers het later in die jaar weer vir ’n tweede tussenfakulteitsessie met die tema “Onderrig & Leer-konteks by die US” vergader. Die doel met hierdie sessie was om deelnemers verskeie netwerkgeleenthede, sowel persoonlik as aanlyn, te bied, en hulle opnuut aan te moedig om oor hulle eie onderrigpraktyke te besin. Daarna het hulle voortgegaan met die laaste fase van PRONTAK, wat op plakkaataanbiedings by die AvOL-konferensie uitgeloop het. Hiervoor moes deelnemers verslag doen oor ’n aksienavorsingsprojek wat gedurende die tweede semester in een van hulle modules geïmplementeer is.

8.2 Kortkursus oor assessering

As deel van die professionalisering van akademië se onderrigrol, ontwerp SOL tans ’n kortkursus oor assessering, wat in Februarie 2020 van stapel gestuur sal word. Dit strook met institusionele en nasionale beleidsvereistes om akademië geleenthede te bied om in bevoegde assesserders te ontwikkel, en sodoende onderrig en leer in die hoër onderwys te versterk. Die amptelike aanvang van die kortkursus sal saamval met die beplande implementering van die US se hersiene Assesseringsbeleid in 2021. Die kursus sal geregistreer word as ’n formele US-kortkursus met ses krediete wat oor 12 weke aangebied sal word. ’n HL-benadering word beplan, wat persoonlike kontakssessies met aanlyn leer kombineer. Deelnemers vir die eerste inname sal in oorleg met alle fakulteite benoem word, en sal diepgaande terugvoering oor ’n aantal kursusaspekte moet voorsien.

8.3 Erkenning van uitnemende onderrig en leer

Die Viserektor (Leer & Onderrig) het op 10 April die jaarlikse **eerstejaarprestasietoekenningsdinee** by Neethlingshof aangebied. Die geleentheid het erkenning verleen aan 32 toppresterder-eerstejaars van 2018, saam met hulle benoemde dosente wat volgens die studente ’n beduidende impak op hulle eerstejaarleerervaring gehad het. Die studente en dosente het sertifikate ontvang en briewe van gelukwensing en waardering uitgeruil. Die gasspreker was prof Magda Fourie-Malherbe. Sy het die studente en dosente gevra om hulle die globale toekoms in te dink, en te besin oor watter rol gegradeerdes van Suid-Afrikaanse universiteite kan speel om ons samelewing die onbekende toekoms in te lei.

Uitmuntende aansoeke is ook vir die **Toekennings vir Voortreflike Onderrig** ontvang. Die Komitee vir Leer en Onderrig het ’n nuwe stel kriteria goedgekeur wat gedurende hierdie rondte die eerste keer gebruik is. ’n Belangrike byvoeging was onderhoude met alle aansoekers om hulle portefeuljevoorleggings aan te vul. Die keuringskomitee het op 26 September byeengekom, en was besonder beïndruk met die toewyding, professionalisering, innovasie en diep selfbesinning wat uit alle kandidate se onderrigportefeuljes en onderhoude geblyk het. Uiteindelik is drie pryse in die kategorie “Uitgelese opvoeder” en nege in die kategorie “Ontwikkelende opvoeder” toegeken. Alle aansoekers het ook terugvoering oor hulle portefeuljes ontvang. Die Toekennings vir Voortreflike Onderrig sowel as die US se Toekenning vir Voortreflike Navorsing sal teen die einde van 2019 by ’n gesamentlike plegtigheid oorhandig word.

9. SLOT

Die VS L&O gaan stelselmatig voort om strategieë ter ondersteuning van die US se institusionele oogmerke te implementeer. Baie van die kernstrategieë in die US se nuwe strategiese raamwerk ressorteer direk onder die L&O-domein. Die implementeringsplanne van die VS is in die vorm van ooreenkomste met fakulteite, of inisiatiewe wat fakulteite self neem, gedagtig daaraan dat die verwesenliking van die US se visie en doelwitte vir leer en onderrig heelwat innovasie en dryfkrag van die bestuur, PASD-omgewings én alle fakulteite sal verg.

Die bestuurders en PASD-personeel in die VS L&O spreek graag hulle dank en waardering uit teenoor die fakulteite en ander verantwoordelikhedsentrums vir hulle samewerking om uitnemende leer en onderrig aan die US te bevorder.